

OOR BYBELVERTALING IN AFRIKAANS

1. Inleidend

In hierdie voordrag hoop ek om binne 'n kort tydsbestek iets te probeer saamvat van waarmee die Bybelgenootskap die afgelope paar jaar besig is, naamlik 'n baie besondere vertaling van die Bybel in Afrikaans. Wat die inhoud betref, ploeg ek plek-plek met die kallers van die Bybelgenootskap (o.a. op die webtuiste), asook 'n dokument oor Bybelvertaling deur prof. E.B. van Wyk.

My betrokkenheid lê op die vlak van die Afrikaanse taalkunde, maar ek het gedurende die vergaderings van die Redaksiekomitee (wat ongeveer 400 uur vergadertyd per jaar behels) met wonderlike kollegas uit Grieks, Hebreeus en Aramees, asook vertaalkundiges en letterkundiges, kennis gemaak en sakke sout saam opgeëet rondom die teks van die Bybel. So iets maak 'n onuitwisbare indruk op 'n mens.

Vandag wil ek dan nou 'n knippie sout probeer deel met u, en hopelik 'n effens dieper begrip moontlik maak van dit waarmee ons die voorreg het om besig te wees.

2. Oor die geskiedenis van Bybelvertaling in Afrikaans

Eerstens net 'n kort agtergrond oor die geskiedenis van Bybelvertaling in Afrikaans. Hoe het dit begin, waarom, hoe, en met watter gevolge?

Hoewel Afrikaans aan die einde van die 19de eeu 'n gevestigde spreektaal was, was daar nog geen erkende, algemeen aanvaarde skryfwyse nie, en was Afrikaanssprekendes van Nederlands afhanklik vir die hoër funksies van die taal, naamlik as taal van onderrig, regspleging, en godsdiens. Ons voorouers het net die Nederlandse Statevertaling wat in 1637 die eerste keer uitgegee is, geken:

Psalmen 23

Een psalm van David.

1 De HEERE is mijn Herder, mij zal niets ontbreken.

2 Hij doet mij nederliggen in grazige weiden; Hij voert mij zachtjes aan zeer stille wateren.

3 Hij verkwikt mijn ziel; Hij leidt mij in het spoor der gerechtigheid, om Zijns Naams wil.

4 Al ging ik ook in een dal der schaduw des doods, ik zou geen kwaad vrezen, want Gij zijt met mij; Uw stok en Uw staf, die vertroosten mij.

5 Gij richt de tafel toe voor mijn aangezicht, tegenover mijn tegenpartijders; Gij maakt mijn hoofd vet met olie, mijn beker is overvloeiende.

6 Immers zullen mij het goede en de weldadigheid volgen al de dagen mijns levens; en ik zal in het huis des HEEREN blijven in lengte van dagen.

Godsdiens kon net in Nederlands bedryf word. Predikante het in Nederlands gepreek (of in 'n benaderde Nederlands) en die ouer geslag het, veral in geformaliseerde gebede, nog Nederlands gebruik. My oupa, wat in 1890 gebore is, se tafelgebed was bv. "Zegen Vader hetgeen wij eten, laten wij nimmer U vergeten."

In die laaste kwart van die 19de eeu het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n geskrewe standaardvorm van Afrikaans, wat ook in die vorm van 'n Bybel in Afrikaans neerslag moes vind. Ons weet van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1875 gestig is, en van *Ons Klyntji* en *Die Afrikaanse Patriot*, wat verskillende spellings van Afrikaans probeer invoer het.

DIE
Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwen dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."

— Het vijfde Gebod.

DEEL I.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons eie taal! Dit het baie moeite gekos om so vër te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pèrde, hulle wil mos nie glo dat ons een eie taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pèrde te leer pronk in dié voor-tuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

Die Nederlandse taalkundige en onderwyser, Arnoldus Pannevis, wat ook 'n diep gelowige was, het die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gevra om 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel beskikbaar te maak, en ds. S.J. du Toit as vertaler voorgestel. Hy het saam met Pannevis en CP Hoogenhout 'n aanvang gemaak met die vertaling van 'n aantal Bybelboeke uit die brontale. Die eerste Bybelboek was die oudste evangelie, nl. Markus, wat in 1878 deur Hoogenhout vertaal, maar nooit gepubliseer is nie – die manuskrip is wel beskikbaar in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad.

SJ du Toit het egter die meeste van die vertaalwerk van sy tyd gedoen, en so na as moontlik aan die Afrikaanse spreektaal probeer kom. Hy het bv. Genesis, die Psalms, Hooglied, Josua, Matteus, Markus, Handeling en Openbaring voltooi. Sy vertaling van die gelykenis van die arbeiders in die wingerd in Matteus 20 uit 1895 lyk bv. so:

20. Gelykenis van di Arbeiders in di Wingerd.

1. "Want di Koninkryk van di hemele is nes 'n huisbaas, wat met di morgestond uitgaan, om werkvolk
2. te huur ver syn wingerd. – En toen hy met di werk volk o'eengekom het ver 1 denari per dag, stuur
3. hy ver hulle in syn wingerd. – En omtrent di 3de ure gaan hy uit en siin andere sonder werk staan
4. op di mark. – En hy sê ver hulle oek : 'Gaan julle oek in di wingerd, en wat reg is sal ek ver julle gé.'
5. En hulle gaan oek. – En hy gaan weer uit omtrent

6. di sesde en negende uur en doen netso. – En omtrent di elfde uur gaan hy uit en kry andere staan, en hy sê ver hulle : ‘Waarom staan julle hiir
7. di héle dag sonder werk ?’ – Hulle sê ver hom : ‘ Omdat nimand ver ons gehuur het ni.’ Hy sê ver hulle : ‘Gaan julle oek in di wingerd.’
8. “En toen dit aand geworde was, sê di baas van di wingerd ver syn opsigter: ‘Roep di arbeiders, en betaal ver hulle di huur; begin van di laaste tot an
9. di eerste.’ – En di wat omtrent di elfde uur gehuur
10. was kom, en ontvang elkeen ’n denari. – En toen di eerste kom, denk hulle dat hulle meer sou kry;
11. en hulle kry oek elkeen ’n denari. – En toen hulle
12. dit ontvang, murmeer hulle teen di huisbaas, en sê : ‘Di laaste het mar een uur gewerk, en jy het ver hulle gelyk gestel met ons, wat di swaar en di hitte
13. van di dag gedra het !’- Mar hy antwoord, en sê ver een van hulle: ‘Vrind, ek doen jou gen onreg an ni. Het jy ni met my o’ereengekom ver ’n denari
14. ni ? – Neem wat jou toekom, en loop! Ek wil an di
15. laaste netso gé as an jou. – Of het ek gen reg om met myn goed te doen wat ek wil ni? of set jy nou ’n
16. kwaaië gesig op, omdat ek goed is ?’ – So sal di laaste eerste wees, en di eerste laaste; want baing is geroep, mar min uitverkiis.”

Die bekende Afrikaanse taalkundige, prof Edith Raidt, meen dat Du Toit “beslis ’n kernagtige, pittige Afrikaans gebruik en ’n fris, selfs digterlike benadering tot die probleem van ’n Bybelvertaling” getoon het. Maar hy het soms Bolands-dialektiese woorde gebruik, of woorde wat nie met die Bybelse register en styl geklop het nie.

Vergelyk die Du Toit-weergawe van Hooglied 7:6 met dié van die Statevertaling, en dan die jongste vertaling wat pas voltooï is:

SJ du Toit

“Hoe mooi is jy en hoe lifelik, o Liifste, om mé te fry”.

Statevertaling

Hoe schoon zijt gij, en hoe liefelijk zijt gij, o liefde, in wellusten!

Afrikaanse Bybel: Direkte Vertaling:

Hoe mooi, hoe lieflik is jy, liefling, hoe verruklik!

Die radikale spelling wat hy ingevoer het, was waarskynlik te vervreemdend vir die gelowiges van sy tyd, en die sinodes van die NG Kerk in die Kaapkolonie, Vrystaat en die ZAR, wou nog geen Afrikaanse vertaling oorweeg in 1885 en 1886 nie.

Ná die ingrypende veranderings in Suid-Afrika, die Anglo-Boereoorlog en Uniewording, en die standaardisering van Afrikaans as ’n uitvloeisel van die stigting van die SA Akademie in 1909, het die erkende skryfwyse en spelling van Afrikaans die basis gevorm van die gebruik van die taal vir hoër funksies, en is daar ’n begin gemaak met die 1933-vertaling deur proff. JD du Toit (seun van SJ), Kestell, Keet, Van Rooyen en Fourie. Soos ons weet, is hierdie vertaling in 1953 heruitgegee.

’n Ernstige probleem met dié vertaling was dat dit, soos die Statevertaling, berus het op die sg. *Textus Receptus*, wat talle tekortkomings gehad het en in verskeie opsigte onbetroubaar was. Dit was die rede vir die besluit om ’n nuwe vertaling, wat op die mees betroubare brontekste gebaseer was, voor

te berei, en dit het dan ook gelei tot die Afrikaanse Bybel van 1983, die vertaling waarmee ons vandag seker die beste bekend is.

Voordat ons die vraag hoekom 'n nuwe vertaling ná 1983 nodig was, aan die orde stel, is dit nodig om iets te sê oor die aard van Bybelvertaling.

3. Die aard van Bybelvertaling – waarom nuwe vertalings?

Bybelvertalers werk nie met die oorspronklike teks(te) van die Bybel nie, omdat dié baie lankal nie meer bestaan nie. Omdat die oorspronklike materiale waarop dit geskryf was, baie broos was, en spoedig deur die tand van die tyd bygekom is, moes die oorspronklike tekste oor en oor gekopieer en vervang word. Die noodwendige gevolg was dat foute in gekopieerde tekste ingesluip het, bedoelde of onbedoelde korreksies aangebring is, en so meer. Wat oorgebly het, is kopieë van kopieë van kopieë, ens., wat ver verwyder is van die oorspronklike. Dit is hiermee wat Bybelvertalers moet werk, en dit is deel van die probleem waarom nuwe vertalings steeds nodig is.

Een belangrike rede waarom nuwe vertalings gewens is, is dat kennis van die grondtale van die Bybelteks, nl. (Oud-)Hebreeus, (Oud-)Aramees en (Oud-)Grieks, steeds toeneem. Danksy vordering in die taalwetenskap en vergelyking met verwante tale, leer navorsers al hoe meer omtrent die struktuur, die woordbetekenisse en idiome van dié uitgestorwe tale. Net twee voorbeelde sal dit illustreer. In Rigters 3:24 staan daar dat Eglon sy voete bedek het. In die 1983-vertaling lui dit egter dat hy 'n draai geloop het, omdat daar intussen ontdek is dat “voete bedek” 'n idioom vir 'n draai loop is. In die jongste vertaling (BDV) word hierdie idioom met 'n voetnoot verduidelik.

Rigters 3

24 Hy was net uit, toe kom Eglon se dienaars en sien: Maar die deure na die bovertrek is dan gesluit! Hulle sê toe: “Hy is seker besig om sy voete te bedek^a in die koel kamer.” 25 Hulle het gewag totdat dit vir hulle 'n verleentheid was, maar niemand het die deure van die bovertrek oopgemaak nie! Hulle vat toe 'n sleutel en sluit oop. En daar lê hulle heer op die grond -- dood!

^a “voete te bedek” Dit is die Hebreeuse idioom vir ‘om te ontlaas’.

Sedert die 1983-vertaling is daar weer vasgestel dat die gees van God wat oor die waters sweef, waarvan in Gen. 1 : 2 gepraat word, ook 'n idiomatiese uitdrukking vir 'n woeste of geweldige wind is. In die BDV lui die betrokke vers soos volg:

Genesis 1:2

1. In die begin het God die hemel en die aarde geskep. 2. Die aarde was nog ongevorm en leeg, en daar was donkerte op die oerwater. En die Gees van God* het oor die water gesweef.

Voetnoot:

1.2: **Gees van God:** Dit dui op die teenwoordigheid en die kragtige werking van God. Dit kan ook vertaal word “wind van God”, “asem van God”, of “magtige wind”.

Intussen het argeologiese ontdekkings soms nuwe tekste en teksreste aan die lig gebring. Die ontdekking van sulke nuwe tekste en teksreste, soos die Dooieseerolle in 1945 en die Nag Hammadi-biblioteek in 1947, werp ook nuwe lig op die teks van die Bybel. Twee voorbeelde hiervan kom in die Nuwe Testament (NT) voor. Oplettende lesers sou gemerk het dat die woorde “Want aan U behoort die koninkryk” en wat daarop volg in die Onse Vader (Mat. 6 : 13) in die 1983-vertaling ontbreek. Hulle sou ook gemerk het dat daar by Markus 16: 9-20 'n voetnoot staan wat lui dat dié

gedeelte in ouer brontekste ontbreek. In albei gevalle gaan dit om ouer, en dus meer outentieke, tekste wat tussen 1933 en 1983 aan die lig gekom het.

En laastens verbeter vertaalteorie en vertaalmetodes voortdurend. Dit is 'n belangrike oorweging vir die jongste vertaling, en hierby wil ek graag 'n oomblikkie stilstaan.

Hoewel daar etlike vertaalmetodes bestaan, lig ek net twee hier uit.

Vertaalmetodes kan, vereenvoudig gestel, in 'n spektrum van *teksgetrou* tot *parafrase* georden word. Teksgetroue vertalings word gewoonlik letterlik genoem. Dit is egter nie korrek nie. 'n *Letterlike vertaling* impliseer 'n woord-vir-woordweergawe van die brontaal. Sou ons op dié manier vertaal, sou Eks. 20 : 2 só gelui het:

Ek Here God-jou wat uitgelei-het-jou uit Egipte uit huis knegskap.

Geen werkbare vertaling word so gedoen nie, behalwe miskien enkele sogenaamde *interlineêre vertalings* wat bedoel is vir teologiese studente en studente van die brontale van die Bybel, waar die brontaal reël vir reël die doeltaal volg.

Die nadeel van 'n teksgetroue vertaling wat so na as moontlik aan die oorspronklike bly, is dat dit nie altyd sonder toeligting verstaanbaar is nie; dit is dikwels vir die leek duister. *Dinamies ekwivalente vertalings* wil hierdie probleem ondervang. Die 1983-vertaling is geskoei op die beginsel dat die Bybel so vertaal moet word dat die doeltaalleser dit sal verstaan soos die brontaalleser dit sou verstaan het. Dinamies ekwivalente vertalings slaag egter slegs in 'n baie beperkte mate daarin om die begripswêreld van die brontaalleser te ontsluit. Die probleem is dat duisende jare se kultuurverskille en wêreldbeelde dié twee leserstipes se begripswêreld skei.

Ons weet vandag dat die verhaal van Abraham wat Isak in opdrag van God moes offer en toe op die nippertjie 'n ram in plaas van sy seun geoffer het (Gen. 22), nie geskiedenis is nie, maar 'n allegorie. Dit is gevolglik nie deur die ou Hebreërs, met hulle gevoeligheid vir allegorie, slegs verstaan as 'n opdrag van God om sy enigste seun om die lewe te bring slegs om die vader se gehoorsaamheid te toets, soos baie moderne lesers dit interpreteer nie. Hulle het geweet dit was ook 'n vermaning van God om nie, soos naburige volke, kinderoffers aan Hom te bring nie, maar liever diere-offers.

Dinamies ekwivalente vertalings hou verder, soos ook ander nie-teksgetroue vertalings, die gevaar in van *interpretasie* volgens die teologie of die dogma van 'n bepaalde kerkgroepering, in plaas van vertaling.

4. Waarom dan nog 'n vertaling ná 1983?

In die lig van die probleme wat hierbo uitgelig is, en die oorwegings vir 'n nuwe vertaling, het die Kerklike Advieskomitee (wat die verskillende kerke in SA verteenwoordig wat Afrikaans as voertaal gebruik) die Bybelgenootskap genader om met 'n nuwe vertaling te begin wat op 'n stewige vertaalteorie gebaseer is. Die vertaalteorie wat as die beste vir Bybelvertaling beskou word en die twee probleme van dinamies-ekwivalente vertaling oorkom (naamlik verwydering tussen die brontaalkonteks en dié van die leser aan die een kant, en die gevaar van 'n eie interpretasie aan die ander), is die *funksionalistiese model* van Christiane Nord (1997). Nord se teorie hou in dat daar volgens 'n heel pertinente vertaalopdrag te werk gegaan moet word wat alle tersaaklike faktore insluit, soos die doel van die vertaling, die aard van die bronteks (d.w.s. die teks waaruit vertaal moet word), en die behoeftes van die leser. In aansluiting daarby, en gebaseer daarop, is die teorie van direkte vertaling van Ernst-August Gutt vir hierdie vertaling gebruik. Daarvolgens is die vertaalopdrag soos volg geformuleer:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Die bepalings “goed verstaanbare” en “bronteks-georiënteerde” is kernbegrippe in hierdie opdrag.

Omdat dit bronteks-georiënteer is, neem dit lesers na die Bybel se eie tyd en leefwêreld. Alhoewel dit altyd gangbare idiomatiese Afrikaans moet wees, word die letterkundige aard en struktuur van die bronteks, asook die gebruike, nie gemoderniseer nie.

'n Direkte vertaling streef daarna om die bronteks van die Bybel op so 'n manier te vertaal asof die Hebreeuse, Aramese of Griekse spreker/skrywer se woorde "direk" aangehaal word, maar dan in gewone idiomatiese en hedendaagse Afrikaans.

Die opdrag van die vertaler aan hom- of haarself is dus: Hoe kan ek direk weergee wat daar in die antieke teks bedoel is in die tyd en op die plek waar dit geskryf is?

Die konteks van die geskrewe teks is natuurlik nie altyd maklik om vas te stel nie – dit is waarom die brontaalkenner ook 'n kennis moet hê van die brontaalkultuur. Maar die teks self verskaf ook dikwels 'n aanduiding van watter betekenis ter sprake is – die sg. ko-teks. Woorde wat net eenmaal in alle tekste voorkom, of sg. *hapax legomena*, is iets waarmee die vertaler nogal dikwels te doen kry, en dan moet die ons ons laat lei deur wat logies uit die omringende teks afgelei kan word.

Die vraag kan nou gevra word: In watter mate verskil hierdie vertaling van die voriges?

5. Kenmerke van die direkte vertaling

Met die opmerkings oor die vertaalopdrag en die betrokke taalteorie in gedagte, kan die volgende kenmerke aangestip word:

- Die beplande vertaling sal minder as die 1983-vertaling aangepas word by die leefwêreld van vandag. Metriek mate en gewigte sal byvoorbeeld nie in die vertaling gebruik word nie, maar wel die terme wat nader aan die brontaal lê, soos byvoorbeeld sikkels, handbreedte, el en dagreis.
- Anders as in die 1933/53- en die 1983-vertaling van die Bybelgenootskap sal voetnote gebruik word om kort verduidelikings aan die leser te gee ten opsigte van sake soos byvoorbeeld probleme in die bronteks of verskillende geldige vertalingsmoontlikhede.
- Groter klem op die vorm van liedere en gedigte sal meebring dat die eie aard van Bybelse poësie so ver moontlik behoue bly.
- Die beplande vertaling sal, naas die gewone uitgawe, ook 'n uitgawe insluit wat die Deuterokanonieke Boeke bevat, aangesien die Rooms-Katolieke en Anglikaanse Kerke wat ook hulle ondersteuning aan die projek toegesê het, hierdie boeke gebruik. (Daar bestaan reeds 'n uitgawe van *Die Bybel met Deuterokanonieke Boeke* waar die Deuterokanonieke Boeke opgeneem is in die 1933/53-vertaling.)
- Die werkwyse in die geval van die beplande vertaling verskil ook aansienlik van vorige vertalings van die Bybelgenootskap. Vir die eerste keer word alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, by die vertaalproses betrek. Anders as by vorige Afrikaanse vertalings speel professionele Afrikaanse vertalers, letterkundiges en taalkundiges 'n wesentlike rol naas eksegete en brontaalkenners. 'n Groot aantal vroulike medewerkers is ook deel van die vertaalspanne.

Enkele voorbeelde van aanpassings by die brontaalkultuur in die Evangelie van Lukas:

Luk 11:37

³⁷ Tydens Jesus se redevoering het 'n Fariseër Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het daar aangekom en *aangeleun* om te eet.

Voetnoot

11:37 *aangeleun ... eet*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet

Luk 10:35

³⁵ Die volgende oggend haal hy twee *denarius* uit, gee dit vir die herbergier en sê, 'Versorg hom, en wat jy ook al bestee, sal ek jou betaal as ek terugkom.'

Voetnoot:

10:35 *denarius*: Dit was 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Munte.

Luk 3:19

¹⁹ Hy het die *tetrarg* Herodes herhaaldelik tereggewys oor Herodias, sy broer se vrou, en oor al die booshede wat Herodes gepleeg het. ²⁰ Afgesien van al hierdie dade het Herodes Johannes ook nog in die tronk laat opsluit.

Voetnoot:

3:19 *tetrarg*: Die amptitel van iemand wat oor die kwart van 'n voorheen groter gebied regeer het. In 'n later stadium kon dit egter bloot dui op 'n heerser oor 'n relatief klein gebied; •Romeinse ampsdraers.

Luk 12:5-7

⁵ Maar Ek sal julle sê wie julle moet vrees: Vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, die mag het om iemand in *Gehenna* te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hom moet julle vrees. ⁶ Word vyf mossies nie vir twee *assarius* verkoop nie? En nie een van hulle is vergete voor God nie. ⁷ Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie: julle is meer werd as baie mossies."

Voetnoot:

12:5 *Gehenna*: 'n Vergriekste vorm van die Hebraeuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word.

12:6 *assarius*: 'n Romeinse kopermuntstuk wat een sestiende van 'n •denarius werd was; •Munte.

6. Ten slotte

Die proses van vertaling is 'n omvangryke een: Vir elke Bybelboek (insluitende die sg. Deuterokanonieke boeke, of Apokriewe) is daar 'n boekspan bestaande uit twee eksegete (of teoloë), brontaalkenner van die betrokke taal, 'n Afrikaanse taalkundige, asook 'n letterkundige, en wat genoem word 'n intravertaler (professionele vertalers, digters en tolke), iemand wat die ruwe teks, letterlik uit die brontaal vertaal, in paslike Afrikaans herskryf (dus 6 medewerkers per boek). In totaal werk ongeveer 180 individue saam, sommige vir korter, en sommige vir langer tydperke.

Ek dink almal wat by hierdie projek betrokke is, weet dat hulle nie net afhanklik is van die kundigheid en insig van kollegas nie, maar, meer as enigiets anders, van die leiding wat die Gees gee aan hulle wat Hom daarom vra.